

15

DANKOFFER

Die arm weduwee

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet waarom en waarvoor gelowiges dankoffers gee.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet –

- dankoffers word gebruik om die evangelie van Jesus Christus te verkondig en om barmhartigheidswerk te doen.
- elke lidmaat moet genoeg bydra sodat al hierdie werk gedoen kan word.

Gesindheid

- Die kinders moet bereid wees om dankoffers met die regte gesindheid te gee.

Vaardigheid

- Die kinders moet saam met of sonder hulle ouers inskakel by die een of ander gemeenteprojek om dankoffers in te samel.

MEER INLIGTING (Markus 12: 41-44)

Wat sê die Ou Testament oor dankoffers?

In die Ou Testament het God se volk al hulle eersteling en tiendes in belang van God se diens gegee (Eksodus 13: 1-10). Die eersteling wat hulle gegee het, was die eerste opbrengs van hulle oes. Mense het nie hulle eerste kind geoffer nie, maar 'n ander offer in hulle plek gegee (Numeri 18: 15). Die tiendes wat hulle moes gee, was 'n tiende van die graan van die land, die vrugte van die bome, die beeste en kleiner diere (Levitikus 27: 30-40). Hierdie tiendes is gebruik om die priesters en die Leviete te versorg. Later is die offers gebruik om almal wat by die tempel diens gedoen het, te versorg. Dit is ook vir barmhartigheidsdiens gebruik. Wanneer die Israëliete offers gegee het, het hulle daarmee gesê dat alles wat hulle het en die opbrengs van hulle oes 'n geskenk van God is. So het hulle eintlik gesê dat hulle aan God behoort. Dit was belangrik om hierdie offers met die regte gesindheid te gee, om te bewys dat hulle dankbaar was. Hulle moes dit gereeld en met 'n blye hart gee.

Wat sê die Nuwe Testament oor dankoffers?

Ons kyk veral na die voorbeeld wat Jesus vir ons gestel het en hoe Hy mense in nood behandel het. Jesus het gesê dat ons vir God moet gee wat aan Hom behoort, en dat ons vir die keiser moet gee wat aan die keiser behoort (Markus 12: 17). Hy prys die weduwee wat net twee geldstukke by die tempel ingegooi het, omdat dit alles was wat sy gehad het (Markus 12: 41-44).

Dit is vir Jesus belangrik dat ons barmhartig moet wees, dat ons mense in nood versorg en dat ons na mense wat dit glad nie eens verdien nie, met ons besittings sal omsien. As ons kinders van God is, moet ons bereid wees om barmhartigheid te bewys. In die Nuwe Testament het die eerste gemeente so vir mekaar gesorg dat almal genoeg gehad het (Handelinge 2). Daar is selfs diakens gekies wat die weduwees en die weeskinders moes versorg. Hulle moes barmhartigheidswerk doen.

Hoekom moet ons dankoffers gee?

God verwag dit van ons. Ons gee dankoffers omdat ons dankbaar is dat Jesus Christus ons gered het. Ons gee dit omdat ons dankbaar is vir alles wat God elke dag vir ons gee.

Hoe word dankoffers in die Kerk ingesamel?

- Die diakens kom haal ons dankoffers elke maand by ons huise.
- Party mense reël met hulle bank om hulle geld vir die Kerk oor te betaal.
- Ander mense betaal hulle dankoffers elektronies oor.
- Ons vat Sondae geld saam kerk toe en gooi dit in die kollekesakkie by die deure.
- Met Nagmaal sit ons dit onder die Nagmaaldoek op die tafel.
- Ons hou basaars en ander funksies om fondse in te samel.

Waarvoor word dankoffers in die gemeente gebruik?

- Dit word gebruik sodat die evangelie van Jesus Christus verkondig kan word. Daarvoor is nodig:
 - 'n Kerkgebou.
 - Geld vir sendingwerk.
 - Vergoeding vir die predikant en almal wat vir die gemeente werk (traktement, salaris, mediese fonds, pensioen en behuising).
 - Bybelverspreiding.
 - En baie meer.
- Tweedens word dankoffers gebruik om barmhartigheidswerk te doen deur –
 - mense wat arm is te versorg,
 - bejaarde mense in ouetehuse te versorg,
 - en baie meer.

AANBIEDING

Jy het nodig:

- Die Bybel.

KOM ONS BEGIN

Vra 'n paar van die kinders om met gebed te open.

HET HULLE ONTHOU?

- Het die kinders onthou om 'n kaartjie vir die koster te maak? (Reël met die koster om vir vyf minute teenwoordig te wees sodat die kinders hulle kaartjies aan hom kan oorhandig.)
- Kontroleer of hulle die volgende kan beantwoord:
 - Dit is belangrik om te onthou dat almal saam vir die Here werk, en daarom is een werk in die Kerk nie belangriker as 'n ander werk nie.

WAAR	X	VALS	
------	---	------	--

- Noem die take van die koster.
 - Die koster moet sorg dat die kerkgeboue en kerkterrein skoongemaak word.
 - Hy moet ook vir elke geleentheid die kerk oop- en toesluit en is ook verantwoordelik vir die oop- en toemaak van vensters.
 - Die koster moet sorg dat as daar iets gebreek het, dit reggemaak sal word.
 - Dit is die koster wat die nommers van die liedere wat tydens die erediens gesing gaan word, aanbring op die aanplakbord. Net so ook die gedeelte wat die dominee uit die Bybel gaan lees.
 - Dit is ook die koster wat die kerkklok lui net voor die erediens begin.
 - Die koster skakel alle elektriese toestelle (waaiers, ligte, luidsprekers, ensovoorts) aan voor die erediens begin en weer af na afloop van die diens.
- Die gemeente moet die koster help om sy werk te doen. Dit is daarom belangrik dat almal sal saamwerk om die *kerkgeboue, die kerkterrein en die badkamers* skoon en netjies te hou.

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Lees Markus 12: 41-44.

Ons het nou net gelees van 'n weduwee wat twee geldstukke in die kerk se offergawekis ingegooi het. Daar was ander mense wat baie ingegooi het, maar dit was al wat die weduwee gehad het. Die weduwee was so dankbaar vir alles wat God vir haar gedoen het dat sy bereid was om in haar armoede alles wat sy gehad het, in te gooi. Sy het God vertrou, en daarom was sy bereid om al haar geld as offergawe te gee.

Die besittings wat ons het, is bewys daarvan dat God ons ook materieel wil versorg. Ons gesindheid moet soos hierdie vrou s'n wees. Uit dankbaarheid vir God se versorging en liefde moet ons bereid wees om dankoffers vir God te gee. Vra die kinders wat dink hulle kan hulle gee.

IETS INTERESSANT

Gebruik die hoofpunte uit MEER INLIGTING om te verduidelik:

- Waar kom die beginsel van dankoffers vandaan?
- Hoekom moet ons dankoffers gee?
- Hoe samel die Kerk dankoffers in?
- Waarvoor word dit gebruik?


IETS BELANGRIK

Lê die volgende feite weer vas:


- Uit dankbaarheid vir God se versorging behoort ons vrywillig dankoffers te gee.
- Die Kerk samel dankoffers in deur –
 - die diaken wat mense besoek.
 - party mense wat met hulle bank reël om geld per aftrekorder of debietorder vir die Kerk oor te betaal.
 - elektroniese oorbetalings.
 - deurkollekte.
 - met Nagmaal 'n dankoffer onder die Nagmaaldoek op die tafel neer te sit.
- Dankoffers word gebruik om –
 - die evangelie van Jesus Christus te verkondig.
Daarvoor is nodig:
 - 'n Kerkgebou.
 - Geld vir sendingwerk.
 - Vergoeding vir die predikant en almal wat vir die gemeente werk (traktement, salaris, mediese fonds, pensioen en behuising).
 - Bybelverspreiding.
 - En baie meer.
 - barmhartigheidswerk te doen deur –
 - mense wat arm is te versorg,
 - bejaarde mense in tehuise te versorg,
 - en baie meer.

IETS OM TE DOEN


Laat hulle Eksodus 13: 1-10, Numeri 18: 15, Markus 12: 17 en Markus 12: 41-44 in die blokkies in hulle boeke lees en dan die geskommelde letters regmaak.




*Julle moet elke **eersgeborene** aan My wy, elke **eersteling** wat in Israel gebore word, mens en dier. Dit is **Myne**.*




Elke eersgeborene van **mens** of **dier** wat vir die Here gebring word, is joune.



Die geld vir skuldoffers en sondeoffers is nie in die huis van die Here gebring nie; dit was vir die **priesters** bestem.



Jesus sê toe vir hulle: "Gee aan die **keiser** wat aan die **keiser** behoort, en aan **God** wat aan **God** behoort."



Jesus het toe regoor die **offergawekis** gaan sit en kyk hoe die mense **geld** daar ingooi. Baie ryk mense het baie geld ingegooi.

BY DIE HUIS

DOEN

- Laat hulle met hulle ouers gesels oor hoekom ons dankoffers gee en waarvoor die geld gebruik word.
- Laat hulle die volgende vraag beantwoord.

O Moet almal ewe veel dankoffer gee? Hoekom?

.....
.....
.....

O Laat hulle die kassier, diaken of dominee gaan vra waarvoor dankoffers alles in ons gemeente gebruik word.

.....
.....
.....

O Laat hulle gaan leer op watter maniere jy jou dankoffer vir die Kerk kan gee.

- Diakens.
- Betaal dit in by die bank of per internet.
- Plaas dit Sondag in die kollektesakkie.

O Die dankoffers word onder andere vir die volgende gebruik:

- Die versorging van die dominee en ander mense wat dienste lewer in die Kerk.
- Bybelverspreiding.
- Mense wat versorging nodig het.
- Bejaardes en ouetehuse.
- Weeshuse.

LEER

- Laat hulle die woorde wat regs staan op die regte plek links invul.
- Laat hulle dit gaan leer.

- In die Ou Testament het die mense hulle dankoffers in die vorm van die eerstes en tiendes van hulle oeste en vee gegee.

dankoffers
tiendes
eerste

<ul style="list-style-type: none"> Met die tiendes wat hulle gegee het, sê hulle <i>dankie</i> vir alles wat God vir hulle gee. 	dankie
<ul style="list-style-type: none"> So betoon hulle ook hulle <i>dankbaarheid</i> teenoor God. 	dankbaarheid
<ul style="list-style-type: none"> In die Nuwe Testament het Jesus <i>self</i> mense <i>gehelp</i> wat in <i>nood</i> verkeer. 	self gehelp nood
<ul style="list-style-type: none"> In Markus lees ons van die <i>weduwee</i> wat <i>alles</i> wat sy gehad het in die <i>skatkis</i> gegooi het. 	weduwee alles skatkis
<ul style="list-style-type: none"> Ons moet ook ons <i>dankoffers</i> gee sodat ons mense kan <i>help</i> wat in nood verkeer. 	dankoffers help
<ul style="list-style-type: none"> Die eerste <i>gemeentes</i> het hulle <i>besittings</i> verdeel sodat almal <i>genoeg</i> gehad het. 	besittings genoeg
<ul style="list-style-type: none"> Barmhartigheid word bewys wanneer jy jou <i>dankoffers</i> gee om ander te help. 	dankoffers
<ul style="list-style-type: none"> Die <i>diakens</i> kom vorder dankoffers in by gemeentelede se <i>huise</i>. 	diakens huise
<ul style="list-style-type: none"> Party lidmate betaal dankoffers in by die <i>bank</i> of deur die <i>internet</i>. 	bank internet
<ul style="list-style-type: none"> Party lidmate plaas dankoffers Sondag in die <i>offergawesakkie</i>. 	offergawesakkie

AFSLUITING

Sluit af deur Gesang 552: 1-4 as gebed te lees.

*Liewe Vader, ek sê dankie
vir die wêreld rondom my,
want die hemel en die aarde
het ons al's van U gekry.*

*Liewe Vader, ek sê dankie
vir die lewe rondom my –
al die blomme en die diere
het hul prag van U gekry.*

*Liewe Vader, ek sê dankie
vir die mense rondom my –
al my maatjies en familie
wat in liefde by my bly.*

*Liewe Vader, ek sê dankie
dat ek soveel van U kry,
maar die grootste is u liefde
wat ook in my hart kom bly. Amen.*